

**Dinsdag 12 Desember**

**Skrifgedeelte: Psalm 110 (1933/53-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Psalm 11:1**

**Ons is gewillig in ons diens aan ons Priester-Koning**

Psalm 110 is waarskynlik tydens kroningsplegtighede in die vroeë Israel gesing. Die inleidingswoorde: “*Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak ’n voetbank vir u voete*”, dui al daarop dat die koning wat die ereplek inneem en gekroon word, Christus is! God die Vader praat met sy Seun, wat Dawid “my Here” noem.

Die Psalm gee ’n kort oorsig oor die hele evangelie. Die Seun van God, gesalf deur die Heilige Gees tot ewige Koning, het sy koningswerk hier op aarde afgerond toe Hy die vyand onderwerp en uit die dood opgestaan het. Daarna het Hy opgevaar na die hemel en as oorwinnaarkoning aan God se regterhand gaan sit, totdat Hy weer sal terugkeer. Dan sal Hy sy septer as teken van mag oor die heelal uitsteek. Al sy vyande sal verslaan word en almal sal voor Hom buig.

As deel van dié koms van die koninkryk word die kerk as die koning se onderdane opgeroep tot diensplig. Daar staan in vers 3: “*U volk sal baie ge-willig wees op die dag van u krygsmag.*” Hierdie dag van krygsmag strek van Jesus se hemelvaart tot met sy wederkoms. Ons moet dus as kerk die stryd op aarde voortsit.

Die Heilige Gees help ons daarin. Hy maak ons gewillig in ons diens. Geklee in heilige feesklere wat dui op toegewyde diens, moet ons ons koning wat ook priester is, getrou navolg in ons diens en aanbidding. Ons moet daarin volhard, tot ons Koning-Priester terugkom en al sy vyande finaal verslaan.

*Sing: Psalm 110-3:1-3*

*Ds. AL (Abrie) Pelsers (Bethlehem)*